



2018 Week van Gebed

Gebed vir die wêreld op die voetspoor van die apostel Paulus

Onderwerpe

- Dag 1:** Paulus se gebed vir die gemeente in Efese is gegrond in liefde (**Efesiërs 3:14-21**) – Akash Sirpal
- Dag 2:** Paulus se lied van lofprijsing en danksegging vir die karakter van die jong gemeente in Tessalonika (**1 Tessalonisense 1:1-10**) – Joseph Pejane
- Dag 3:** Paulus bid vir die Korintiërs om hulle in moeilike tye te bemoedig (**1 Korintiërs 1:4-9 en 2 Korintiërs 1:3-11**) – Helené Fouché
- Dag 4:** Paulus se gebed vir die Filippense as medewerkers van God (**Filippense 1:3-11**) – Derik Myburgh
- Dag 5:** Paulus leer Timoteus hoe om voorbidding te doen vir die owerheid en die wêreld (**Timoteus 2:1-8**) – Christina Landman
- Dag 6:** Paulus se afsluitgebed in Romeine eer die ewige God wat sy verlossing van alle nasies nou openbaar (**Romeine 16:25-27**) – Ntozakhe Cezula

Vooraf

Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. (Kolossense 1:9-10a, 1983-vertaling)

Paulus bid vir die gelowiges in Kolosse vanuit gevangenskap in Rome. Hy het getuienisse oor hulle geloof in Christus Jesus gehoor, asook van hulle liefde vir al die gelowiges. Daaroor dank Paulus die Here. Hy het ook gehoor van mense wat 'n valse evangelie verkondig en die gelowiges verwar met allerlei godsdienstige reëls om die werk van Christus aan te vul. Paulus beklemtoon die oppergesag van die Seun en bid vir hierdie gemeente wat deur Epafras gestig is en wat Paulus self nog nie besoek het nie. Die gebed moedig die gelowiges aan om geloofsgetrou te bly in 'n verwarrende leefwêreld.

In Paulus se Kolossensebrief kom verskillende elemente van die gelowige se gebed aan die orde. Die eerste is die feit dat Paulus *tot God bid*. Die hele brief getuig van 'n *deurleefde gebedslewe*. 'n Tweede element is dié van *danksegging*. Paulus dank die Here vir die gemeente en vir God se betrokkenheid in hulle lewens en bediening. 'n Derde element van Paulus se gebed is dié van *voorbidding*. Hy bid dat God aan hulle wysheid sal gee om tot sy eer te lewe en in hulle diens aan God te volhard. Hoofstuk 4 bring 'n vierde element ter sprake. Paulus spoor die gelowiges aan om *ook in die gebed* te volhard, met waaksaamheid en dankbaarheid. Hy vra vyfde dat die gemeente ook *vir hom sal bid*. Hulle moet bid vir oop deure vir die verkondiging van die evangelie en dat hy die evangelie duidelik sal verkondig. Laastens sluit Paulus sy brief af met 'n *gebed om genade* vir die gemeente.

Hier is belangrike gebedsperspektiewe uit 'n enkele brief van Paulus aan 'n gemeente van Jesus Christus. Kom ons hou dit in gedagte as ons saam voor ons Here buig gedurende die *2018 Week van Gebed* en ook daarna. Ons

leefwêreld is nie minder uitdagend as dié van die Kolossensegemeente nie. Ons het mekaar se gebede nodig en behoort mekaar heeljaar deur aan te moedig om tot God te bid.

Met die oog op aanbidding oor die ses dae van die gebedsweek sluit ons aan by verskillende briewe van Paulus wat hy rig aan gemeentes en individue met wie hy 'n bedieningspad gestap het. Paulus se gebede vir die gemeentes herinner ons daaraan dat Christus sy kerk na die wêreld stuur om die wonderlike boodskap van God se heerskappy en verlossing te verkondig. Om hierdie missionale roeping geloofsgetrou uit te voer, moet elke gelowige en elke gemeente van Christus die oog deurentyd op ons Here hou. Daarvoor het ons mekaar se gebede en ondersteuning nodig. Daarom moedig ons mekaar aan om die praktyk van die *Week van Gebed* voort te sit en by Paulus te leer hoe ons in 2018 vir mekaar kan bid.

Mag die Here ons gesamentlike gebede en smekinge uit genade en liefde verhoor.

Ons dank aan Helené Fouché (NGK), Akash Sirpal (RCA), Derik Myburgh (VGK), Ntozakhe Simon Cezula (VGK), Joseph Pejane (NGKA) en Christina Landman (VGK), lede van die deelnemende kerke van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG-Kerksfamilie wat hierdie riglyne geskryf het. Mag die Here die *2018 Week van Gebed* ryklik seën.

Donald Gantana, Eddie Orsmond, Akash Sirpal en Gideon van der Watt

(Namens die Taakgroep van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG-Kerksfamilie)

Uitgangspunte van die skrywers

Die volgende uitgangspunte is gebruik met die opstel van die riglyne vir die *2018 Week van Gebed*:

- Die doel van die *Week van Gebed* is om saam te bid vir die komende jaar. In ons eenheid met Christus se kerk in hierdie wêreld, bring ons die gemeente en kerk se werksaamhede voor God se aangesig in gebed.
- Ons kies doelbewus om in die riglyne die klem op gebed te plaas. Die oordenkings is kort om daarmee meer ruimte te maak vir gesamentlike gebed. Die riglyne wil wel help om die gedagtes rondom spesifieke temas los te maak.
- Gebed is nie maar net 'n enkele geestelike aktiwiteit tussen vele ander nie. Gebed is in die eerste plek 'n ingesteldheid en 'n houding wat ons hele manier van lewe inkleur en bepaal. In ons binnekamer maak ons seker dat ons op God gefokus is, sodat ons ook na buite op God gefokus kan lewe. Só word ons hele lewe gebed.
- Die *2018 Week van Gebed* is 'n intensiewe binnekamer vir die gemeente met die oog daarop om die jaar se aktiwiteite aan te pak met 'n doelbewuste oorgawe aan God en in eenheid met broers en susters van ander denominasies. Die gebedsbyeenkomste wil ons help om met God se dinge besig te wees op só 'n wyse dat God self in die sentrum staan. Oopstelling en beskikbaarstelling vir God kry daarom die klem.
- Ons bied die riglyne aan in die vorm van oordenkings met enkele voorstelle vir gebedsonderwerpe. Die skrywers het elkeen 'n eie benadering tot die riglyne. Daarmee wil ons verskeidenheid invoer vir gebruik by die ses geleenthede.
- Ons dink ook doelbewus daaraan dat die gemeente en kerk as die liggaam van Christus deur ons werksaamhede Jesus se menswees gedurende 2018 sal voortsit in hierdie wêreld.

Ons gebed is dat die Here ons gemeentes en breër kerklike werksaamhede in 2018 sal gebruik om die koninkryk van die hemel ook hier op aarde te laat kom.

Dag 1: Paulus se gebed vir die gemeente in Efese is gegrond in liefde

Efesiërs 3:14-21

Akash Sirpal

Agtergrond

Die fokus van ons teks is Paulus se tweede gebed vir die Efesiërs; sy eerste gebed is in Efesiërs 1:15-23. Paulus begin met die gebed in Efesiërs 3:1, onderbreek homself in vers 2 en keer terug na sy gebed in vers 13 om dan regdeur aan te gaan tot in vers 21. Dit is interessant om op te merk hoe Paulus die werk van elke Persoon in die heilige Drie-eenheid uiteensit. Hy praat van:

- die rykdom van die Vader se heerlikheid (vers 16)
- die krag van sy Gees in die “innerlike mens” (vers 16, 1953-vertaling)
- Christus wat deur die geloof in mense se harte woon (vers 17).

Wat ons bid wys wat regtig vir ons saak maak

As volgelinge van Christus is ons gewoonlik dringend en ernstig wanneer ons bid, want ons bid oor wat regtig vir ons saak maak. Wanneer ’n geliefde gediagnoseer word met ’n ernstige siekte of wanneer ’n kind rebels word en die huis verlaat, wend ons ons tot ernstige gebed.

Dit wat vir Paulus saak maak is die reddende woord van Jesus Christus. Paulus is verstom deur God se ewige plan van verlossing. Ons sien dit in beide Efesiërs 1 en 2. Paulus staan ook in verwondering teenoor God oor dit wat hy vir die kerk werklik gemaak het. God het alle nasies na Christus gebring. God het die nie-Jode na Christus gebring deur die geloof, en dit op dieselfde basis as wat hy Jode tot geloof in die Messias gebring het. Daar kan dus nie gesê word dat daar twee tipes geloof vir twee groepe mense is nie; daar is slegs een geloof: die geloof in die Here Jesus Christus. Paulus besef dat hy en die Efesiërs oneindig baie seëninge ontvang het. God het ons as volgelinge van Christus alreeds ryke oorvloed gegee. Ons kom nie vra vir seëninge uit armoede nie, maar as mense wat reeds die geseëndheid in Christus Jesus, ons Here en Verlosser, ontvang het.

Hoe bid Paulus?

Om soos Paulus in gebed te kniel dui op eerbied en nederigheid voor God, onderdanigheid aan God en verheerliking van God. Paulus wil nie soseer ’n posisie vir gebed aanbeveel as wat hy ’n houding van gebed voorstaan nie. Die gebruik van die woord Vader om God aan te spreek, dui op die intimiteit van ’n kind wat na sy vader kom waar die kind deur die vader verwelkom en in liefde ontvang sal word. Ons word genooi om na God te kom as ons liefdevolle Vader. Ons moet dit altyd in eerbied en onderdanigheid doen voor sy absolute gesag. Ons moet nooit toelaat dat intimiteit met God ons van ons nederigheid voor God beroof nie. God is steeds die Almagtige Skepper. Wanneer ons bid, moet ons ook bewus wees daarvan dat ons tot hierdie groot familie van heiliges in die hemel en op die aarde behoort. Selfs al voel ons nietig, kan ons steeds voor God kom met dieselfde vertroue as waarmee Paulus dit kon doen.

Gebed moet gedoen word in die lig van God se oneindige rykdom

God is die Vader van heerlikheid. Die uitspansel verkondig sy heerlikheid en majesteit, sy ewigdurende mag (Psalm 19:1; Psalm 145:5; Romeine 1:20). Paulus bid dat God by wie niks kortkom nie ons sal ontmoet en innerlik sal versterk deur sy Gees. Ons het almal sy krag nodig om ons van binne sterk te maak. Ons moet almal probleme wat buite ons beheer is, aanpak. Ons is heeltemal van God afhanklik. Soms vergeet ons dit en verwaarloos daarom gebed.

In Sagaria 4:6 (1953-vertaling) sê die Almagtige God: “Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees”. Ons ontgroeï nooit die behoefte aan God se krag nie. Ons het die krag van sy Gees nodig sodat God ons gedrag na buite kan verander deur ons innerlike te verander.

Die lewe van ’n Christian is in liefde gegrond

Paulus gebruik 'n metafoor uit die plantewêreld. God se groot liefde vir ons wat ons sien deurdat hy sy Seun vir ons gestuur het, onderhou alles. Die lewe van 'n Christen is 'n lewende, groeiende verhouding met God en ons naaste. Dis soos 'n plant met sy wortels wat diep groei. God se liefde is die grond waarin dit gewortel is. Liefde is die eerste vrug van die Gees. Selfs al het ons in ons grootword net woede, swaarkry en misbruik geken, moet ons leer om ons wortels diep te laat gaan in God se liefde.

En deur gewortel te wees in liefde, moet ons God se krag hê om saam met al die heiliges deel te verkry aan Christus se liefde. Om God se liefde te kan aangryp, moet dit in gemeenskap met ons naaste plaasvind. As Paulus se lesers die liefde van Jesus vir hulle kan verstaan, kan hulle ook mekaar liefhê en die nuwe mensdom vir wie Jesus gesterf het tot stand bring. Op ons eie kom ons nie daar naby om die volheid van Christus se liefde te ondervind nie. Ons kom geleidelik tot die punt waar ons dit kan waardeer en verstaan meer daarvan soos wat ons die verhale hoor van sy liefde vir ander. Werklike liefde vir ons naaste moet beoefen word. Dit kan nie net teoreties wees nie. Dit moet in die vure van verhoudings bewerk word.

Omdat hy God se groot werk verstaan het en vir ons gebid het om gewortel te wees in Christus se liefde, eindig die apostel sy gebed met 'n lofprysing aan God, 'n doksologie. Daar is geen beperking aan wat God vir sy mense kan bereik nie en dit is onmoontlik om te veel van hom te vra. Ons moet dus nie bang wees om hom te vra nie. Hy kan en wil vir ons wonderlike dinge gee (1 Johannes 5:14).

Gebedstemas

- Dankie Here, dat ons u Abba Vader kan noem. Help ons om in nederigheid na u toe te kom.
- Here, help ons om u onmeetbare liefde te ondervind.
- Mag ons tevrede wees in alles wat u vir ons is in Christus Jesus en dit in volheid ervaar.
- Help ons om in gemeenskap met u en met ons medegelowiges te lewe.

Dag 2: Paulus se lied van lofprysing en danksegging vir die karakter van die jong gemeente in Tessalonika

1 Tessalonisense 1:1-10

Joseph Pejane

Inleiding

Die geloofsgemeenskap in Tessalonika was die tweede een ná die een van Filippi wat Paulus op Europese grond gevestig het. Handeling 17 vertel die verhaal van hoe Paul en Silas se besoek aan Tessalonika in opskudding en sterk weerstand vanaf die Jode geëindig het. Paulus en Silas moes inderwaarheid na slegs drie weke in die nag van die stad af vlug. Ten spyte van die weerstand het sommige Jode en Grieke, waaronder daar 'n hele paar vooraanstaande vroue was, die boodskap van Christus as Messias aanvaar. Hulle kom tot geloof in Christus en begin saam aanbid.

Na 'n tyd verloop het, het Paulus sy jong medereisiger Timoteus na Tessalonika gestuur om ondersoek in te stel na die welstand van hierdie klein groepie gelowiges. Timoteus het teruggerapporteer dat die nuwe gelowiges in die geloof volhard het! Hulle het werklik die goeie nuus van Christus se verlossing ontvang en aanvaar. Hulle het met vreugde wat deur die Heilige Gees geïnspireer was, gereageer op Paulus se prediking. Paulus skryf hierdie brief om God te dank vir hulle en om hulle aan te moedig om getrou te bly.

Paulus begin sy brief aan die Tessalonisense met 'n gebed. Dit is oorwegend 'n gebed van danksegging. Paulus dank God vir die gemeente se trou. Paulus dank nie in die eerste plek die gemeente vir wat hulle doen nie, maar hy dank God. Hul standvastige geloof en liefdesdade kom nie uit eie prestasie nie. Dit is God deur die opgestane Christus en sy Gees wat 'n wonderwerk in die gemeente verrig het. Deur die krag van die Heilige Gees stel die Tessalonisense 'n voorbeeld vir ander.

Deur te kyk na die goeie eienskappe van hierdie gemeente en hul voorbeeldige trou waarvoor Paulus sy dankbaarheid uitdruk, kan ons leer wat regtig belangrik is vir 'n gemeente. Ons kan selfs onself afvra of ons ook vir God kan dankie sê vir hierdie selfde dinge in ons gemeente. Sou Paul dieselfde soort brief aan ons gemeente kon skryf om vir God te dank vir wat hy in ons sien en oor ons hoor?

Danksegging vir die gemeente se eienskappe

Dit kan help om dinge duidelik te maak deur 'n paar eienskappe wat Paulus nie noem nie uit te lig. Paulus sê nie vir God dankie vir die grootte van die gemeente van Tessalonika of vir die aantal mense wat daaraan behoort nie. Hy meet hulle nie in terme van getalle nie. Paulus sê ook nie dankie vir God vir hul pragtige kerkgebou nie; ook nie vir hul gesonde jaarlikse begroting nie. Paulus sê ook nie eens dankie vir God vir hul goeie strategiese beplanning om instandhouding en groei as gemeente te bevorder nie.

Maar in vers 3 skryf Paulus van sy diepe dankbaarheid teenoor God vir drie dinge: eerstens, die werk van hul geloof, tweedens, die inspanning van hul liefde en, derdens, die volharding van hul hoop op Jesus Christus. Laat ons kortliks by elk van hierdie drie eienskappe stilstaan.

Die werk van geloof

Toe hulle die boodskap die eerste keer gehoor het, het God die harte van die Tessalonisense oopgemaak vir die geloof in Christus. Geloof is 'n geskenk van God: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God." (Efesiërs 2:8, 1983-vertaling). Deur die krag van die Heilige Gees het die Grieke onder hulle die waardeloosheid van hul afgode ontdek; hulle het opgehou om hulle te aanbid en tot die geloof in Christus gekeer. En die Jode se oë is geopen om te ontdek dat Jesus die lankverwagte Messias was wat hulle van die vloek van wettisme sou bevry. Hy sou hulle met God versoen. Die vooraanstaande vroue het ontdek dat dit nie hulle status in die lewe was wat regtig sin gehad het nie, maar om nederige volgelinge van Christus te word.

Hierdie nuutgevonde geloof verg meer as net die wete dat Jesus die Here is. Die Tessalonisense het volgelinge geword, hulle het hul hele lewe in gehoorsaamheid aan Jesus hul Koning toevertrou. Hulle geloof het hul lewe tot aksie laat oorgaan; hulle het goeie dade begin doen en daardeur God en mekaar gedien. Ja, hulle geloof het goeie dade opgelewer. Soos wat Jakobus (2:14 en 17) in sy brief verduidelik: "Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? ... So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood." Hulle goeie dade was die bewys dat hulle in Jesus geglo het en op hom vertrou het.

Sou Paulus vir God kon dankie sê vir ons gemeente van vandag se werk van geloof? Hoe word ons geloof sigbaar in die manier waarop ons elke dag lewe, in diens tot God en tot mekaar?

Inspanning van liefde

Liefde moet aanleiding gee tot goeie dade. Dit is nutteloos as ons hard werk, as ons alles doen wat van ons verwag word, as ons onself opoffer vir God en ons naaste, maar dit word nie uit liefde gedoen nie. Soos wat Paulus elders skryf, as dit nie deur die liefde van Christus "gedring" word nie (2 Korintiërs 5:14). Gemeentes kan baie goeie dade verrig, hulle kan hulself met inspanning gee en tog, dit sal nie as 'n geloofwaardige getuie in hierdie wêreld ontvang word nie. As dit nie liefde was wat tot hierdie woorde en dade aanleiding gegee het nie, maak dit nie saak of ons vrome godsdienstige praktyke beoefen nie, of ons opofferings maak, alles weggee wat ons besit of wonderlike woorde uiter nie, want dan is ons soos klinkende simbole sê 1 Korintiërs 13 en baat dit ons niks nie.

Dit wat mense in die geloofsgemeenskap van Tessalonika gesien het, was dade wat die vrug van liefde was. Dit is hoekom ander oor hulle begin praat het; dit is hoekom die Tessalonisense 'n model vir gelowiges geword het reg oor Masedonië en Agaje en selfs verder. Die Here se boodskap het uit hulle uit opgeklank, harder en duideliker as 'n galmende simbaal; dit was nie eens nodig om die boodskap verder te verduidelik nie.

Ons kan onself afvra of ons dade deurdat dit die vrug van liefde is, 'n voorbeeld vir ander is om te volg?

Volharding van hoop

Dit was sekerlik nie maklik vir die gemeente in Tessalonika, vir daardie eerste gelowiges, om te volhard in die geloof nie. Hulle het baie swaargekry en is vervolgd, juis oor hul nuutgevonde geloof. Hulle moes groot opofferings

maak. En tog het hulle die boodskap met sulke vreugde aanvaar; dit kon net deur die Heilige Gees geïnspireer gewees het.

Die Tessalonisense kon volhard met sulke vreugde omdat hulle hoop gehad het. Hulle het geweet dat God hulle liefgehad het. Hulle is verseker dat hulle deur God uitverkies was. Hulle het die werking van die Heilige Gees se krag in hulle ervaar. Hulle het geweet dat hulle nou die lewende en ware God aanbid het. Hulle kon volhard in hoop, omdat hulle geglo het dat Jesus uit die dood opgewek was en dat hy hulle van die oordeel wat kom gered het.

Ware hoop is gebou op vertroue in die Drie-enige God wat saamwerk om ons te red.

Sal Paulus vir God kan dankie sê vir die werk wat deur ons geloof voortvloei, vir die inspanning wat deur liefde kom en ons volharding in hoop?

Bid dat die Drie-enige God in ons sal werk, ons sal verander en ons lewens sal omkeer sodat ons vir ander 'n voorbeeld kan stel deurdat ons Christus volg en al hoe meer soos hy word. Bid dat die boodskap van die Here ook uit ons uit sal opklink, waar ons is en ook verby alle grense heen.

Gebedstemas

- Bid vir ons gemeente sodat God ons voorbeelde sal maak van:
 - die werk van geloof
 - die inspanning van liefde
 - die volharding van hoop.
- Dank God vir al hierdie eienskappe wat dalk reeds sigbaar is in ons gemeente.

Dag 3: Paulus bid vir die Korintiërs om hulle in moeilike tye te bemoedig

1 Korintiërs 1:4-9 en 2 Korintiërs 1:3-11

Helené Fouché

Inleiding

Ons hoor al hoe meer dat mense geloof as 'n persoonlike saak wil beoefen. Ek hoor dikwels by mense dat hulle daarvan hou om eerder in die natuur te wees as om kerk toe te gaan; dat die natuur vir hulle hul kerk word: "Want die natuur is die plek waar hulle God die beste kan ervaar."

Ek wil dit waag om te sê ons woon in 'n samelewing waar mense al meer op hulle eie begin leef. Mense word al hoe meer alleen. Miskien is dit nog nie oral of in alle gemeenskappe ewe prominent nie. Waarskynlik gebeur dit in stede vinniger as op die platteland. Ek het tog 'n idee mense het al hoe minder van aangesig tot aangesig kontak met mekaar.

Ons hoor selfs verhale van mense wat sterf sonder dat ander mense dit agterkom. Só het George Bell byvoorbeeld in 2014 in Queens in New York op sy eie gesterf. Sy bure het op 'n dag agter gekom dat iets in sy woonstel sleg ruik en het die noodnommer 911 gebel. Hulle het nie ondersoek gaan instel nie, want hulle het nie 'n verhouding met hulle buurman gehad nie. Hulle het nie agter gekom dat hulle hom vir 'n ruk nie gesien het nie. Nee, eers ses dae nadat hulle hom die laaste keer gesien het, het hulle iets vreemds geruik en 911 gebel. George Bell het alleen in sy woonstel gesterf. Afgesonder van ander.

Konteks en agtergrond

Korinte was 'n groot hawestad. Hier het mense van die Ooste af gekom om met mense van die Weste handel te dryf. Dit was 'n plek waar daar baie mense van oral oor saamgekom het.

In Korinte was dit goed om belangrik te wees en op jouself te kon staat maak, om hul selftevredenheid te verdien en om baie geleerd en gekultiveerd te gewees het. Die Korintiërs het hulself graag verryk. So kon hulle op hulleself roem. Elkeen het daarna gestreef om meer te hê en te doen as die ander om hul eie status só te beklemtoon.

Hierdie lewenshouding het ook in die kerk neerslag gevind. Lede van die gemeente in Korinte het al hoe meer begin roem op hul individuele geestelike gawes. Dit het al hoe meer tweespalt in die gemeente gebring. Individuele gemeentedele het begin dink hulle is belangriker as ander gelowiges.

Vir hierdie gemeente skryf Paulus 'n brief wat met danksegging begin. 'n Gebed, nie 'n aanprysing of kompliment nie. Paulus dank God vir die gawes wat Hy aan sy kinders gee. Dit is nie 'n verheerliking van die grootheid van individuele gemeentedele nie.

Paulus herinner die gemeente daaraan dat hulle genoeg van God ontvang het; genoeg genade, genoeg kennis en genoeg geestelike gawes. Hierdie genade het hulle ontvang. Hulle het niks uit hul eie of in hul privaat geloofslewe gedoen om dit te bereik of om belangrik te word nie.

Die eerste brief aan die Korintiërs fokus daarop dat hierdie gemeenskap haarself moet opbou in wat sy van Christus ontvang het, sodat sy uiteindelik haar getuieis te midde van moeilike omstandighede kan uitleef en om sodoende ook ander te bemoedig. Die res van die brief en die sake wat Paulus daarin aanspreek, kan moontlik deur die inhoud van hierdie eerste paragraaf opgeklar word: God se genade is deur Christus aan die gemeente geskenk. Daarom kom niemand enige gawes kort nie. Christus is getrou. Daarvan moet die gemeente in Christus getuig.

Moet dus nie fokus op wat elkeen het of nie het nie, op wat elkeen op sigself vermag of verdien het nie. Fokus op die genade wat die gemeente van Christus ontvang.

Toepassing

In die afgelope aantal jare het navorsing al meer begin bewys dat alleenheid sleg is vir mense se gesondheid; geestelik sowel as fisies. Alleenheid is selfs erger as om oorgewig te wees of om te rook.

In 1939 skryf Dietrich Bonhoeffer, 'n Duitse teoloog, in die tyd van die Tweede Wêreldoorlog die boek *Life together*. In 'n tyd van oorlog waartydens mense mekaar haat, skryf hy oor liefde en harmonie. Bonhoeffer het geglo God skenk aan ons 'n lewe saam met mekaar, in gemeenskap met mekaar.

Volgens 1 Korintiërs 1 ontvang ons dié gemeenskap van en in Christus. Die kerk is die gemeenskap van liefde. Ons moet leef as die liggaam van Christus.

Paulus kom herinner ons dat hierdie genadegawe van gemeenskap, van 'n lewe saam, van *ubuntu* soos wat dit in die Afrika-mensbeskouing gestalte vind, van God af kom. Hy herinner ons dat ons Christelike gemeenskap juis van God af kom.

Dit is wat van Christus se volgelinge 'n kerk maak.

In 'n wêreld wat al hoe alleniger word, waar mense al hoe meer veg vir hul eie belange, waar mense hulleself verryk en vergeet dat hulle mens kan wees, 'n persoon, danksy die persone rondom hulle, herinner Paulus ons daaraan dat ons as kerk dankbaar moet wees ons het nog mekaar om aan vas te hou.

Te midde van hierdie alleenheid leef ons ook in moeilike omstandighede. Julle kan waarskynlik 'n hele lys dinge opnoem wat ons gemeenskappe lam lê. Daar is so baie dinge wat ons moeg en moedeloos maak. Die gemeenskap in Korinte was ook moeg en moedeloos. Paulus herinner ons in hierdie omstandighede van Korinte aan Christus, wat ons vir mekaar gee om mekaar te bemoedig.

Gebedstemas

- Dank God vir die gawe van die kerk.
 - Wat is die dinge in jou gemeente wat jou dankbaar maak om deel te wees van Christus se liggaam?
 - Waar bied die kerk vir jou 'n plek van bemoediging?
- Bid vir die eenheid van die kerk in Christus.
 - Is daar dinge in julle gemeente, gemeenskap of dorp waar mense onenigheid ervaar?
- Smeek God om ons sensitief te maak vir ander.
 - Is daar dalk mense wat voel dat hulle nie meer kans sien om te volhard nie?
 - Is daar maniere hoe ons as liggaam van Christus hulle kan bemoedig?

Bronne

Dietrich Bonhoeffer, 1939. *Life together*.

Dag 4: Paulus se gebed vir die Filippense as medewerkers van God

Filippense 1:3-11

Derik Myburgh

Agtergrond

Paulus bevind homself in gevangenskap as gevolg van sy ywer vir die verspreiding van die goeie boodskap van Jesus se verlossing. Daar is onsekerheid oor presies waar en wanneer die brief geskryf is, maar die waarskynlikste is dat dit tussen 61 en 63 nC in Rome was. Die gemeente in Filippi is in om en by 50 of 51 nC deur Paulus en Silas tydens die tweede sendingreis geplant. Dit was die eerste gemeente op Europese bodem.

Filippi was 'n stad naby die hawestad Neapolis in Macedonië en was onder Romeinse beheer. Tog het dit 'n sterk Griekse kultuur gehad. Die stad was op 'n handelsroete geleë en was redelik welvarend met 'n aantal goudmyne in die omgewing. Paulus en Silas se eerste kennismaking met Filippi was baie traumaties en hulle het in die tronk beland (Handelinge 16:23). Ten spyte daarvan het daar 'n gemeente in Lidia se huis ontstaan wat tien jaar later goed gevestig was.

Gebed as danksegging

Paulus begin sy gebed deur te sê dat hy God dank elke keer wat hy aan die gemeente dink. Hy bid met blydschap vir hulle almal in al sy gebede. Die woorde “blydschap” en “vreugde” kom altesaam 16 keer in die brief voor. Dit sê iets van Paulus se positiewe emosies oor die gemeente in Filippi. Onthou dat hy in gevangenskap is, maar deur aan die gemeente te dink en vir hulle te bid, maak hom bly ten spyte van sy omstandighede. 'n Lastige vraag: Wat sal ons oorhê as ons alles verloor waarvoor ons God nie gisteraand gedank het nie?

Gebed as antwoord op God se werk

Paulus vind sy vreugde daarin dat die gemeente reeds van die begin af, toe hy en Silas in Lidia se huis tuisgegaan het, tot nou toe, terwyl hy in gevangenskap is, saam die evangelie verkondig het. Dit is voorwaar 'n missionale gemeente, 'n gemeente wat na die wêreld toe gestuur is.

Om gestuur te wees, is nie iets wat ons doen wanneer ons so voel nie. Dit is 'n ingesteldheid tot die lewe, want God het die goeie werk in sy mense begin. God sal dit volbring op die dag van Jesus se terugkeer. Verder herinner Paulus die gemeente daaraan dat hulle in die genade wat hy ontvang het, deel. Hulle deel ook in die verdediging van die evangelie, asook die bevestiging van die waarheid van hierdie evangelie.

As Christene is ons onlosmaaklik deel van die liggaam van Christus. Ons deel in mekaar se vreugde en smart. 'n Xhosa spreekwoord lui: *Umntu ngumntu ngabantu*. 'n Mens is 'n mens deur ander mense. Ons vind ons menslikheid in verhoudings met ander mense. Jesus druk die wet uit in verhoudingsterme as Hy liefde tot God en liefde tot ons naaste as die opsomming van die wet en die profete aan ons voorhou.

“Verdediging” en “bevestiging” is terme wat in die hof gebruik is. Paulus het appèl aangeteken teen sy vroeëre skuldigbevinding. Sy saak is steeds aan die gang voor die hoogste Romeinse hof. Die beskuldigde moet homself verdedig teen die aanklag teen hom deur onskuldig te pleit. Hy moet ook die waarheid in sy pleit bevestig om die hof te oortuig van sy onskuld. Paulus wys die gemeente daarop dat dit nie in die eerste plek hy, Paulus, is wat in die hof verskyn nie, maar die evangelie self. Die gemeente as draers van die goeie nuus van Jesus is Paulus se deelgenote in hierdie hofsak. Juis daarom kan Paulus deurentyd van blydschap praat. Hy staan nie alleen nie. Hy verlang baie na die gemeente en roep God as sy getuie.

Gebed as vra en luister

Verder bid Paulus dat die Filippense se liefde sal groei en verdiep in kennis en onderskeidingsvermoë. Dit sal hulle in staat stel om te weet watter sake die belangrikste is terwyl hulle as vrygemaaktes tot die eer van God

lewe en vir Jesus se wederkoms wag. Die lyn van Paulus se argument kan dus skematies soos volg voorgestel word:



Liefde is die vertrekpunt. Sonder liefde is ons net goed vir geraas maak (1 Korintiërs 13:1). Liefde leer ons luister na God en na mekaar. Liefde help ons om te verstaan wat regtig aan die gang is. Liefde en begrip lei ons tot wysheid in die Ou-Testamentiese sin van die woord, naamlik om God se wil te ken en te doen. God se liefde soos wat dit in Christus aan ons gegee is, maak ons vry om as nuwe mense in 'n verhouding met God en ons naaste te lewe. Ons lewens word dan 'n getuigenis van God se betrokkenheid by die wêreld. So is ons gestuurdes om God se medewerkers te wees in ons samelewings waar ons lewe en werk. Dit alles tot God se eer en lof.

Paulus kom terug na die tema van gebed in Filippense 4:6 en 7: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

Ons het voorwaar rede om bly te wees!

Gebedstemas

- Bid vir Christus se gemeentes as gestuurde getuies in hierdie wêreld.
- Bid vir die wysheid om in alle omstandighede dankbaar teenoor God te wees.
- Bid vir mekaar. Ons is deel van die groot gesin van God.
- Bid vir die vermoë om te kan onderskei tussen God se wil en ons eie wil.
- Bid vir die moed om ten alle tye in liefde te luister en op te tree.

Dag 5: Paulus leer Timoteus hoe om voorbedding te doen vir die owerheid en die wêreld

1 Timoteus 2:1-8

Christina Landman

Agtergrond

1 en 2 Timoteus, asook Titus, staan bekend as die pastorale briewe. Hierdie drie briewe is aan individue geskryf, aan Paulus se twee medewerkers: Timoteus in Efese en Titus in Kreta. Paulus se ander briewe is aan gemeentes geskryf.

Die briewe is so teen 110 nC geskryf. Sjou, sal julle sê, maar Paulus het toe mos nie meer gelewe nie! As Paulus in Jesus se tyd gelewe het, sou hy in die jaar 110 nC mos al oor die honderd jaar oud gewees het. En inderdaad, die briewe is nie deur Paulus self nie, maar deur sy opvolgers, geskryf. Omdat hulle sy idees wou deurgee, het hulle dit onder sy naam geskryf wat daardie tyd heeltemal aanvaarbaar was. Stukkies van die briewe lyk of dit deur Paulus self geskryf moes wees, soos waar Paulus nadink oor sy teregstelling wat hy weet vir hom lê en wag. Maar eintlik is die kerklike strukture soos wat dit in hierdie briewe beskrywe word, baie verder ontwikkel as wat hulle in Paulus se tyd was.

Ons sien dus in hierdie briewe 'n Christenbeweging wat in 'n oorgangstyd is. In hierdie tydperk is daar 'n oorskuif van vervolging na aanvaarding van Christene. In 96 nC is die Christene bloedig deur keiser Domitianus vervolgt. Alhoewel vervolging nog hier en daar in 110 nC voorgekom het, het dit begin afneem. Die samelewing het begin om die Christene te aanvaar. Dit was dus 'n tyd toe die Christene vir hulleself moes uitmaak hoe om in vrede met die owerhede saam te leef, sodat hulle die Christelike boodskap kon uitdra.

Dit was ook 'n tyd toe die Christene vir hulleself moes uitmaak watter kulturele goed hulle van die samelewings waarin hulle gewoon het, wou oorneem. En ook watter kulturele gebruike teen die Christelike leefwyse ingedruis het.

Daar was in hierdie tyd struwelinge van binne die Christengeledere. Daar het op hierdie stadium al verskillende denkrigtings binne die Christenbeweging ontwikkel. Sommige Christene, kom ons noem hulle maar die Gnostiese denkers, wou Paulus vir hulle idees toe-eien. Hulle het gedink dat die geskape wêreld boos was en dat 'n Christen net van suiwer denke alleen moes lewe.

Die Christendom was besig om van klein gemeentetjies tot 'n universele kerk te ontwikkel. Dit was ook 'n tyd toe al Paulus se briewe versamel is oor die hele enorme gebied waarheen hy briewe geskryf het. Hierdie brief is ook onder Paulus se naam aangebied omdat dit Paulus se idees uitgedra het.

Inhoud

Kom ons noem die skrywer van hierdie brief "die pastor". Die pastor skryf aan die ontvanger van die brief hoe om voorbedding te doen vir die owerheid, en ook vir die gemeenskap.

Die eerste punt wat ons natuurlik hier moet uitwys, is hoe belangrik gebed is, sowel vir die skrywer as vir die ontvanger. Die pastor noem vier soorte gebede. In ons Bybel word daar net drie soorte genoem, omdat party gekombineer is. Maar eintlik verteenwoordig die vier soorte gebede vier fases in die ontwikkeling van 'n Christen tot volwassenheid:

- Smeking is vir beginners wat nog baie dinge het om voor die Here reg te maak.
- Gebede is vir Christene wat alreeds berusting het in hulle verhouding met God.
- Voorbedes is wat Christene doen wat reeds hulle werke by hulle beloftes aan God aangepas het.
- Danksegging is vir Christene wat al die dorings uit hulle koppe uitgetrek het, en in 'n verhouding van dankbaarheid tot God staan.

Die pastor sê dat alle Christene, in watter stadium van geestelike groei hulle ook al is, vir die owerhede en die samelewing moet bid. Hoekom?

Sodat daar vrede kan wees, sodat Christene hulle boodskap kan uitdra.

En wat is hierdie boodskap? Wat is die "teologie" wat die Christene moet uitdra?

Dit staan in 'n himne, 'n stukkie van 'n lied, 'n stukkie liturgie wat ons in 1 Timoteus 2:5-6a kry: "Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus, wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het."

Dit is die "teologie" van die Timoteus-briewe: God is een, God is goed, God is die Skepper van alles, die ware God. En Jesus Christus is God se menslike gesig. Jesus Christus wys ons dat God persoonlik vir mense omgee, vir alle mense. Die ware God is nie soos die Romeinse of Griekse gode wat daar ver is en heeltyd met offerandes plesier wil word (anders slaan hulle jou met 'n donderstraal) nie. God gee om. God is deur Jesus Christus die God vir mense. As dit sleg met ons gaan, neem God dit persoonlik op.

Gebedstemas

- Christene leef ook vandag in 'n wêreld waar owerhede nie altyd bly by die universele waardes wat vrede in die samelewing bring nie. Hierdie is die waardes van omgee, menswaardigheid, regverdigheid en diens aan die mense, eerder as korrupsie, selfverryking en mag.
Ons as Christene durf en moet bid dat owerhede by die waardes hou wat vrede in die samelewing bring.
- Christene leef vandag in 'n samelewing waar die menslike gesig van God al hoe meer uitgewis word.
Kom ons bid vanaand dat God se sorg en God se waardes weer hulle plek in die samelewing sal inneem.
- Dit word al hoe meer 'n risiko om vandag 'n Christelike lewe in 'n pluralistiese samelewing te lei.
Kom ons bid vir ons gemeentes, ons kerke en ons mede-Christene dat ons sal kan voortgaan om God se boodskap van sorg en liefde teenoor alle mense uit te dra.

Bronne

Robert J Karris, 1979. *The Pastoral Epistles*. Veritas Publications: Dublin.

Jay Twomey, 2009. *The Pastoral Epistles through the Centuries*. Wiley-Blackwell: Oxford.

Dag 6: Paulus se afsluitgebed in Romeine eer die ewige God wat sy verlossing van alle nasies nou openbaar

Romeine 16:25-27

Ntozakhe Cezula

Eer aan die God wat gelowiges versterk

Die brief aan die Romeine eindig met 'n doksologie, oftewel, 'n liturgiese lofprijsing tot eer van God. Romeine 16:25-27 is 'n uitroep dat die heerlikheid tot in alle ewigheid aan die enigste en alwyse God behoort, deur Jesus Christus. Die Verlossende Heer het die mag om gelowiges te sterk, om hulle te laat vasstaan en in die geloof te vestig. Die ewige Heer sal dit doen:

- deur Paulus se evangelie en volgens die prediking van Jesus Christus
- volgens die openbaring van die geheimenis aan die hand van die profetiese geskrifte
- aan al die nasies in opdrag van Hom.

Die drievoudige versterking van die Romeinse gelowiges deur God is om hulle te help en te lei tot gehoorsaamheid aan God in die geloof in Jesus Christus. Laat ons hierdie drie aspekte van geloof wat God aan gelowiges gee van nader beskou.

Verlossing vir almal

Ons begin by die eerste deel van die stelling wat met Paulus se evangelie en die prediking van Jesus Christus verband hou. Soos ons weet, het Paulus sy bediening onder die heidene, dit wil sê die nie-Jode, gedoen. Alhoewel hy soos die ander apostels die evangelie van Jesus Christus gebring het, onderskei sy uitdruklike bediening aan nie-Jode dit onderskei van die fokus van die bediening van die ander apostels. Paulus se prediking van die evangelie van Jesus Christus onder nie-Jode was nietemin nie 'n boodskap wat hy self opgemaak het nie. Dit is God wat die Romeine sou sterk deur 'n evangeliese boodskap wat bevestig dat die nie-Jode saam met Jode deel uitmaak van God se verlossingsplan.

Die tweede deel van die stelling brei uit op die eerste gedeelte. Die goeie nuus of boodskap dat die nie-Jode ingesluit word in Christus se verlossingsplan is 'n vervulling van die profetiese geskrifte. Hierdie geheimenis is nou bekend gemaak en die gelowiges in Rome sal hierdeur versterk word. Kennis van hierdie bekendmaking sal die geliefde broeders en susters oortuig dat daar geen diskriminasie teen hulle is nie. Derdens, dit word in opdrag van die ewige God in Christus aan hulle bekend gemaak "tot gehoorsaamheid van die geloof" (vers 26, 1953-vertaling). Dit is genoeg rede vir die Romeinse gelowiges om sterker en sterker in geloof en gehoorsaamheid in Christus te groei.

Alles wat sover gesê is, kan herformuleer word deur van die volgende sleutel frases gebruik te maak: "Jesus Christus", "alle nasies", "in opdrag" en "gehoorsaamheid van die geloof". Deur dit te kombineer, kan ons die volgende sê: "God se verlossing word in opdrag van Hom deur Jesus Christus aan alle nasies gebied tot gehoorsaamheid van geloof."

Hierdie waarheid is 'n belangrike element in Paulus se gebed vir die volgelinge van Christus in Rome. Ons behoort ook sy voorbeeld te oorweeg in ons gebede vir Christus se kerk van vandag.

Die uitverkiesing van die Joodse volk vir God se verlossing

Laat ons nou 'n paar stappe terugneem om die konneksie te maak tussen die Ou Testament en Paulus se boodskap aan die gelowiges in Rome. Die Ou Testament leer dat God die Israëliete as sy volk gekies het. Die uitverkiesing van Israel was 'n seën vir Israel en dikwels 'n "vloek" vir die ander nasies. Dit kan as 'n vloek gesien word omdat die Israëliete se siening van hulle uitverkorenheid dikwels tot die uitwissing van ander nasies gelei het. Die boeke Esra en Nehemia gee voorbeelde hiervan. Die boeke van die profete Jona en Amos wys daarenteen dat God se liefde ook vir ander nasies geld. (Sien veral Jona 4:11 en Amos 9:7.)

In Genesis 12:2-3 tydens die roeping van Abraham sê God vir hom hy sal 'n seën wees en ook dat *al die volke van die aarde* in hom geseën sal wees. Maar dit was verswyg. Met die koms van Jesus Christus het hierdie kennis dat

daar geen diskriminasie teen ander nasies moet wees nie, ope kennis geword. Ons kan dit verstaan as die geheimenis wat openbaar gemaak is waarna Paulus verwys.

In ons gebede vir die kerk van Christus vandag moet ons die verband tussen die belofte van die Ou-Testamentiese profete en die vervulling van die Nuwe-Testamentiese verkondiging van die boodskap in gedagte hou.

'n Oproep tot gehoorsaamheid van die geloof

Nou kan ons weer vorentoe aanstap om Paulus se gebed op ons eie konteks toe te pas. Gemeenskapsielkunde leer ons dat mense 'n diep behoefte het aan eiewaarde. Henry Tajfel sê dat ons onself vergelyk met diegene om ons om 'n sin van eiewaarde te verkry. Mense verkry eiewaarde dikwels deur te glo dat ander minderwaardig is in vergelyking tot hulself. Hierdie redenasiewyse het die gevolg dat, as ander meer waarde sou hê as die self, dat daar 'n verlies aan eiewaarde wou wees. In die soeke na eiewaarde sal mense hulself ook kategoriseer in "in-groepe" wat "meerderwaardig" is en ander in "uit-groepe" wat "minderwaardig" is.

Op grond van hierdie kategorisasie sal mense die goeie in ander ignoreer en slegs die slegte beklemtoon om hul eiewaarde te versterk. Hierdie neiging kan selfs ons interpretasie van die Bybelboodskap beïnvloed en dit is 'n werklike gevaar as ons toelaat dat ons eie vooroordele beheer hoe ons die evangelie lees en verstaan. Want as ons Christus gehoorsaam, kan ons dit net vanuit die geloof doen. En gehoorsaamheid van geloof beteken ook die erkenning van die waardigheid wat God aan ander gegee het.

In Suid-Afrika ervaar ons verskillende vorme van diskriminasie. Die kerk was ook nie altyd immuun teen hierdie uitdaging nie. Ons moet waak teen hierdie neigings wat poog om ons gehoorsaamheid van geloof te ondermyn. Ons mag andersins vind dat ons teen dieselfde God wat ons beweer ons dien, veg en werk. As ons onself sien as meerderwaardig teenoor ander, is die risiko reeds daar dat ons God nie in geloof dien nie.

Laat ons dan Paulus se evangelie en sy gebed vir die gemeente in Rome ter harte neem. Bid vir die verlossing van alle mense en vir die verandering van ons eie harte sodat God verheerlik kan word!

Gebedstemas

- **Nederigheid:** Mag ons nederige mense wees in die kerk en in die gemeenskap.
- **Korrupsie:** Korrupsie is 'n vrug van minagting van ander mense wat hul intelligensie en eiewaarde ondermyn. Dit kan binne en buite die kerk gevind word.
- **Diskriminasie:** Diskriminasie van enige soort, insluitende homofobie, ondermyn ons gehoorsaamheid van geloof. Mag ons gered word van die neiging om teen ander te diskrimineer.